

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990
(WET No. 119 VAN 1990)

**REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK
VAN GRONDBONE BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Die Minister van Landbou het, kragtens artikel 15 van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990) –

- (a) die regulasies in die Bylae uitgevaardig;
- (b) bepaal dat die genoemde regulasies op datum van publikasie in werking tree; en
- (c) saamgelees met artikel 3(2) van genoemde Wet, die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings No. R. 2511 van 9 Desember 1977, No. R. 346 van 24 Februarie 1978 en No. R. 951 van 23 Mei 1986.

INHOUD

	Regulasie No.
WOORDOMSKRYWING	1
BESTEK VAN REGULASIES	2
BEPERKINGS OP VERKOOP VAN GRONDBONE	3
GEHALTESTANDAARDE	
Klasse	4
Spesifikasies vir klasse	5
Grade vir grondbone.....	6
Standaarde vir grade (Algemeen)	7
MERKVEREISTES	
Besonderhede	8
Verbode besonderhede	9
VERPAKKINGSVEREISTES	
Houers	10
MONSTERNEMING	
Algemeen	11
Monsterneming met 'n beker	12
Monsterneming met 'n skopgraaf	13
Monsterneming met 'n graansteker	14
Afwykende monster	15
Verkryging van 'n werkmonster	16
ONDERSOEKMETODES: ALGEMEEN	
Bepaling van muwwe, suur of ander onaanvaarbare reuke, nadelige stowwe, insekte en skadelike sade.....	17
Bepaling van klas, gebreekte, oop, swart gevlekte en grondbesmeerde peule in die geval van peule.....	18
Bepaling van klas in die geval van pitte	19
Bepaling van persentasie vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte	20
Bepaling van persentasie peule en vreemde voorwerpe.....	21
Bepaling van pitinhoud.....	22
Bepaling van persentasie beskadigde saaduid en persentasie gebreekte pitte onderskeidelik.....	23
Bepaling van persentasie pitte van 'n ander klas.....	24
Bepaling van die persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte	25
Bepaling van persentasie gesplete pitte.....	26

	Regulasie No.
Bepaling van die persentasie heel pitte in 'n besending van gesplete pitte	27
Bepaling van die persentasie pitte op 'n bepaalde sif.....	28
Bepaling van die persentasie verkrimpte pitte.....	29
Bepaling van telling (aantal pitte per 28,35g).....	30
Bepaling van voginhoud	31
OORTREDING EN STRAWWE	32

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis, en beteken –

"**ander klas**" met betrekking tot 'n spesifieke besending grondbone, enige klas anders as die klas waaruit die besending hoofsaaklik bestaan;

"**besending**" –

- (a) 'n hoeveelheid grondbone wat aan dieselfde produsente of elenaar behoort, op 'n bepaalde tydstip gelewer word onder dekking van dieselfde vragbrief, aflewingsbrief, of gelewer word deur dieselfde voertuig, of
- (b) indien so 'n hoeveelheid ingedeel is in verskillende klasse of grade, elke hoeveelheid van elk van die verskillende klasse of grade;

"**beskadigde saadhuid**" pitte waarvan die saadhuid vir meer as een-derde los, gekraak of afgesplete is uitgesonderd gesplete pitte;

"**chemiese residu's**" residu's van landboumiddels wat ingevolge die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), toelaatbaar is vir die behandeling van peste en siektes en wat nie die voorgeskrewe maksimum residuperk ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) oorskry nie;

"**die Wet**" die Wet op Landbouproduktstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990);

"**defekte pitte**" ongesonde pitte, gevlekte pitte, vuilgesmeerde pitte, beskadigde saadhuid, gebreekte pitte en verkrimpte pitte en songedroogde pitte;

"**eenpitpeul**" 'n peul wat volgens die peulvorm daarvan 'n enkelpit bevat;

"**gebreekte en oop peule**" peule waarvan die doppe gebreek of op enige wyse oop is;

"**gebreekte pitte**" pitte waarvan 'n gedeelte afgebreek het;

"**gesplete pitte**" die afsonderlike helftes of gedeeltes van afsonderlike helftes van pitte wat nie deur 'n 7,20 mm - rondegatsif gaan nie;

"**geklekte pitte**" heel pitte wat enige gekleurde strepe of vlekke in of op die saadhuid vertoon: Met dien verstande dat pitte met roesagtige vlekke waarvan die verkleuring tot die kiempunt of are beperk is, nie as gevlekte pitte beskou sal word nie;

"**graad**" 'n graad in regulasie 6 bedoel;

"**grondbesmeerde peule**" peule met grond wat aan hulle doppe vaskleef. Met dien verstande dat peule waarvan die doppe deur grond verkleur is, nie as grondbesmeerde peule beskou sal word nie;

"**grondbone**" die ondergrondse vrug van die plant *Arachis hypogaea*, hetsy pitte of peule;

- "houer" 'n sak, of enige ander direkte houer of omhulsel waarin grondbone verpak is;
- "insek" enige lewende insek wat skadelik vir opgebergde grondbone is, ongeag die stadium van ontwikkeling daarvan;
- "inspekteur" die Uitvoerende Beampte of 'n beampte onder sy of haar beheer, of 'n Gemagtigde of 'n werknemer van 'n Gemagtigde;
- "klas" 'n klas in regulasie 4 bedoel;
- "ongesonde pitte" skimmelbesmette pitte, en pitte wat bederf of krytagtig deur hitte of insekte beskadig is, of wat inwendig of wanneer die saadhuid daarvan verwyder word, 'n geel, pers, bruin, rooi of enige ander kleur wat nie kenmerkend van gesonde pitte is nie, vertoon of uitloop het: Met dien verstande dat uitgeloopte pitte slegs as ongesond beskou sal word indien die kiempunt die saadhuid gebreek het;
- "peule" grondbone of gedeeltes van grondbone waarvan die pitte nog nie uitgedop is nie, uitgesonderd die rosyntjies;
- "pitte" die sade en gedeeltes van sade van grondbone wat verkry is nadat die peule daarvan gedop is;
- "pitinhoud" met betrekking tot 'n besending peule, die massa van die pitte in die betrokke besending uitgedruk as 'n persentasie van die massa van die peule (nadat die vreemde voorwerpe verwyder en uitgedopte pitte verwyder is) in die betrokke besending;
- "rosyntjies" harde, verkrimpte peule, met of sonder pitte, waarvan die pitinhoud nie tydens die dopproses herwin kan word nie;
- "skadelike sade" die sade of gedeeltes van sade van plantspesies wat 'n risiko vir menslike of dierlike gesondheid kan inhou indien dit verbruik word, insluitende sade van *Convolvulus spp.*, *Crotalaria spp.*, *Datura spp.*, *Ipomoea purpurea*, *Lolium temulentum*, *Ricinus communis* of *Xanthium spp.*;
- "skimmelbesmette pitte" pitte –
- (a) waar skimmelgroei voorkom en met die blote oog waarneembaar is; of
 - (b) wat as gevolg van skimmelgroei beskadig of verkleur is;
- "songedroogde pitte" pitte waarvan die saadhuid maklik afkom wanneer dit liggies tussen die hande gevryf word;
- "swartgeklepte peule" peule waarvan die doppe oor meer as die helfte van die oppervlakte daarvan skimmel of swart gevlek is;
- "uitgedopte pitte" met betrekking tot 'n besending peule, die pitte in die betrokke besending wat nie deur doppe omsluit is nie;
- "verkrimpte pitte" heel pitte wat 'n verkrimpte, gegroefde of geduikte voorkoms het: Met dien verstande dat heel pitte waarvan die are opgehewe of geriffel is, nie as verkrimpte pitte beskou sal word nie;
- "vreemde voorwerpe" met betrekking tot 'n besending –
- (a) peule, alle voorwerpe (insluitend die rosyntjies), uitgesluit pitte en peule, en
 - (b) pitte, alle voorwerpe (insluitend die rosyntjies), uitgesluit pitte en gesplete pitte;
- "vuilgesmeerde pitte" heel en gesplete pitte wat in so 'n mate vuilgesmeer is dat die voorkoms daarvan nadelig beïnvloed word;

- 5,15 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 5,15 mm;
- "6,0 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 6,0 mm;
- "6,75 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 6,75 mm;
- "7,50 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 7,50 mm;
- "8,25 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 8,25 mm;
- "9,0 mm-gleufsif" 'n sif met gleuwe van 20,0 mm by 9,0 mm;
- "7,20 mm-rondegatsif" 'n sif met ronde gate 7,20 mm in deursnee; en
- "7,70 mm-rondegatsif" 'n sif met ronde gate 7,70 mm in deursnee.

Bestek van regulasies

2. Hierdie regulasie is die minimum standaard van toepassing op grondbone wat bestem is vir verkoop in die Republiek van Suid-Afrika maar sluit nie in nie –

- (a) grondbone wat in kleinhandelshoeveelhede verpak is; of
- (b) grondbone wat nog nie 'n siftings of sorteringproses deurgaans het nie.

Beperkings op verkoop van grondbone

3. (1) Niemand mag grondbone in die Republiek van Suid-Afrika verkoop nie –
- (a) tensy die grondbone verkoop word volgens die klasse en spesifikasies vir klasse in regulasies 4 en 5 uiteengesit;
 - (b) tensy die grondbone voldoen aan die grade en standaard vir die betrokke grade in regulasies 6 en 7 uiteengesit;
 - (c) tensy die grondbone verpak en gemerk is volgens die verpakkings- en die merkvereistes wat in regulasies 8, 9, en 10 uiteengesit is; en
 - (d) indien sodanige grondbone 'n stof bevat wat dit ongeschik maak vir menslike gebruik of vir verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer.
- (2) Die Uitvoerende Beampte kan iemand skriftelik, in die geheel of gedeeltelik, op die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, van die bepalings van subregulasie (1) vrystel.

GEHALTESTANDAARDE

Klasse

4. Daar is 5 klasse grondbone, naamlik –
- (a) Klas A;
 - (b) Klas B;
 - (c) Klas C;
 - (d) Klas D; en

- (e) Klas E.

Spesifikasies vir klasse

5. 'n Besending grondbone word as –
- (a) Klas A geklassifiseer indien dit minstens 97% Rooi Spaanse-tipe grondbone bevat (byvoorbeeld Harts);
 - (b) Klas B geklassifiseer indien dit minstens 97% Spaanse-tipe grondbone bevat (byvoorbeeld Natal Common, Seleksie 5, Sellie, Agaat, Jasper, Robbie, Akwa, Kwarts en Anel);
 - (c) Klas C-grondbone geklassifiseer indien dit grondbone bevat wat nie ingevolge hierdie regulasie as Klas A-, Klas B-, Klas D- of Klas E-grondbone geklassifiseer kan word nie;
 - (d) Klas D-grondbone geklassifiseer indien dit minstens 97% ranker tipe grondbone bevat (byvoorbeeld Norden); en
 - (e) Klas E-grondbone geklassifiseer indien dit minstens 97% Virginiese-rankertipe grondbone bevat (byvoorbeeld Selmani).

Grade vir grondbone

6. Die grade vir die verskillende klasse grondbone is –
- (a) Keurgraad;
 - (b) Standaardgraad;
 - (c) Masjien skoongemaakte keurgraad;
 - (d) Masjien skoongemaakte standaardgraad;
 - (e) Masjien skoongemaakte pers 100/130 graad;
 - (f) Masjien skoongemaakte splits;
 - (g) Hand skoongemaakte splits;
 - (h) Seleksie afval;
 - (i) Persgraad;
 - (j) Diverse masjienskoongemaakte 80/100;
 - (k) Diverse handskoongemaakte 80/100;
 - (l) Pers handskoongemaakte 100/130
 - (m) Peule handskoongemaakte; en
 - (n) Graad Ander.

Standaarde vir grade

Algemeen

7. (1) Alle grade grondbone –
- (a) moet vry van 'n muwwe, suur en enige ander onaanvaarbare reuk wees;
 - (b) moet vry van insekte wees;
 - (c) moet vry wees van 'n stof wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik of verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer;
 - (d) mag geen chemiese residu's bevat wat die voorgeskrewe maksimum residuperk oorskry nie;
 - (e) moet vry wees van sade van *Ricinus communis* en mag nie meer skadelike sade anders as *Ricinus communis*, bevat as wat toegelaat word kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) nie;

- (f) moet 'n voginhoud van hoogstens 7% hê;
- (g) voldoen aan die vereistes vir plantskadelike organismes van fitosanitêre belang soos deur die Senior Bestuurder van die Direkorate Plantgesondheid en Suid-Afrikaanse Landbou Voedsel en Kwarantyn Inspeksie Dienste, bepaal;
- (h) voldoen aan die toegelate toleransies vir totaal aflatoksien sowel as aflatoksien B1 soos voorgeskryf deur die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972); en
- (i) moet voldoen aan die vereistes soos in Tabel 1 uiteengesit.

MERKVEREISTES

Besonderhede

8. (1) Alle houers wat grondbone bevat, moet duidelik en leesbaar op elke houer of op 'n etiket wat daaraan vasgeheg is, met die volgende besonderhede gemerk wees:

- (a) Die naam en adres van die eienaar.
- (b) Die verwerkingsaanleg se kode wat skriftelik op versoek van die verwerker deur die Uitvoerende Beampte goedgekeur is (Ingevoerde grondbone word uitgesluit).
- (c) Die netto massa van die inhoud soos in terme van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet No. 77 van 1973) voorgeskryf.
- (d) Die klas, graad en telling van die inhoud: Met dien verstande dat dit met behulp van 'n reeks simbole soos in subitem (3) uiteengesit in die orde van klas, graad en, waar van toepassing, die telling aangedui mag word.
- (e) Die stapelnommer van die betrokke besending.
- (f) Die land van herkoms.

(2) Alle houers wat grondbone bevat wat die voorgeskrewe maksimum totale aflatoksienvlak soos toegelaat word kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) oorskry, moet duidelik aandui dat sodanige grondbone nie direk vir menslike gebruik bestem is nie.

(3) Die simbole soos in subitem (1)(d) bedoel, vir die verskillende –

- (a) Klasse is:
 - (i) A in die geval van grondbone wat as Klas A geklassifiseer is;
 - (ii) B in die geval van grondbone wat as Klas B geklassifiseer is;
 - (iii) C in die geval van grondbone wat as Klas C geklassifiseer is;
 - (iv) D in die geval van grondbone wat as Klas D geklassifiseer is; en
 - (v) E in die geval van grondbone wat as Klas E geklassifiseer is.
- (b) grade is:
 - (i) K in die geval van grondbone wat as Keurgraad gegradeer is;

- (ii) S in die geval van grondbone wat as Standaardgraad gegradeer is;
- (iii) KM in die geval van grondbone wat as Masjien skoongemaakte keurgraad gegradeer is;
- (iv) SM in die geval van grondbone wat as Masjien skoongemaakte standaardgraad gegradeer is;
- (v) PM in die geval van grondbone wat as Masjienskoongemaakte pers gegradeer is;
- (vi) HM in die geval van grondbone wat as Masjienskoongemaakte splits gegradeer is;
- (vii) HU in die geval van grondbone wat as Handskoongemaakte splits gegradeer is;
- (xiii) DA in die geval van grondbone wat as Seleksie afval gegradeer is;
- (ix) P in die geval van grondbone wat as Persgraad gegradeer is;
- (x) DM 80/100 in die geval van grondbone wat as Diverse masjienskoongemaakte 80/100 gegradeer is;
- (xi) D 80/100 in die geval van grondbone wat as Diverse handskoongemaakte 80/100 gegradeer is;
- (xii) P 100/130 in die geval van grondbone wat as Pers handskoongemaakte 100/130 gegradeer is;
- (xiii) NC2 in die geval van grondbone wat as Peule handskoongemaak gegradeer is;
- (xiv) F Graad Ander.

Verbode besonderhede

9. Geen bewoording, illustrasie of ander metode van begripsuitdrukking wat 'n wanvoorstelling behels of wat regstreeks of by implikasie 'n misleidende indruk skep van die inhoud, mag op 'n houer wat grondbone bevat, verskyn nie.

VERPAKKINGSVEREISTES

Houers

10. (1) Grondbone van verskillende klasse (met die uitsondering van Klas C) en grade mag nie saam in dieselfde houer verpak word nie.

(2) 'n Besending grondbone moet vir die doeleindes van die toepassing van hierdie regulasies in houers verpak wees wat heel, geskik, skoon, droog, reukloos en sterk genoeg is.

MONSTERNEMING

Algemeen

11. (1) Vir die doeleindes van hierdie regulasies moet 'n ewekansige monster grondbone, op die volgende wyse geneem word:

- (a) In die geval van 'n besending peule –

- (i) wat in losmaat verkoop word, moet daardie besending by minstens vier verskillende plekke in die betrokke houer wat willekeurig uitgekies is, met 'n skopgraaf bemonster word soos in regulasie 13 uiteengesit; en
 - (ii) wat in houers verkoop word, moet minstens 10% van die houers in die betrokke besending wat willekeurig uitgekies is, met 'n beker bemonster word soos in regulasie 12 uiteengesit.
- (b) In die geval van 'n besending pitte –
- (i) moet minstens 10% van die houers in die betrokke besending wat willekeurig uitgekies is, met 'n beker bemonster word soos in regulasie 12 uiteengesit;
 - (ii) moet minstens 10% van die houers in die betrokke besending wat willekeurig uitgekies is, met 'n graansteker bemonster word soos in regulasie 14 uiteengesit; en
 - (iii) neem addisionele monster van minstens 4 x 50 kg sakke as 'n werkmonster;
- (2) 'n Monster wat ingevolge hierdie regulasie geneem is, word geag verteenwoordigend te wees.

Monsterneming met 'n beker

12. 'n Besending grondbone moet soos volg met 'n beker bemonster word –
- (a) Maak die houers wat uit die betrokke besending uitgekies is oop.
 - (b) In die geval van 'n besending pitte, steek 'n beker in elke sodanige houer en trek dit daarna gelykmatig uit. In die geval van 'n besending peule, steek 'n beker in elke sodanige houer en hark die peule uit.
 - (c) Plaas die materiaal verwyder, in 'n geskikte opvangbak.
 - (d) Herhaal die prosedure in paragraaf (b) beskryf afwisselend op verskillende dieptes in elke houer so geneem, en plaas die materiaal aldus daaruit verwyder, in die opvangbak in paragraaf (c) bedoel.
 - (e) Neem ongeveer gelyke hoeveelhede materiaal uit elke houer wat uit die betrokke besending uitgekies is.
 - (f) Meng die materiaal aldus verkry deeglik en verdeel dit met behulp van 'n monsterverdeler sodat die monster van die betrokke besending uit minstens 10 kg bestaan.

Monsterneming met 'n skopgraaf

13. 'n Besending peule moet soos volg met 'n skopgraaf bemonster word:
- (a) Steek die skopgraaf met 'n ligte skudbeweging in die grondbone by elke plek wat in die betrokke houer uitgekies is, en tel die skopgraaf daarna gelykmatig op terwyl dit horisontaal gehou word.
 - (b) Plaas die materiaal op die skopgraaf in 'n geskikte opvangbak.
 - (c) Herhaal die prosedure in paragraaf (a) beskryf, afwisselend op verskillende dieptes by elke uitgekose plek in die betrokke houer en plaas die materiaal aldus daaruit verwyder, in die opvangbak in paragraaf (b) bedoel.

- (d) Neem ongeveer gelyke hoeveelhede materiaal by elke uitgekose plek.
- (e) Meng die materiaal aldus verkry deeglik en verdeel dit met 'n monsterverdeler sodat die monster van die betrokke besending uit minstens 10 kg bestaan.

Monsterneming met 'n graansteker

14. (1) 'n Besending pitte moet soos volg met 'n graansteker bemonster word –
- (a) Steek die spitstoelopende punt van so 'n steker opwaarts met 'n hoek van ongeveer 30 grade met die horisontale lyn en met die opening daarvan na onder, in elke houer wat uit die betrokke besending uitgekies is, totdat die punt van die steker ongeveer in die middel van sodanige houer is.
 - (b) Draai die steker daarna deur ongeveer 180° op die lengte-as daarvan sodat die opening daarvan na bo wys.
 - (c) Trek die steker daarna met 'n ligte skudbeweging en afnemende spoed uit die betrokke houer sodat 'n relatief gelykmatige en toenemende vloei van pitte deur die opening daarvan nader aan die kant van die houer gehandhaaf word.
 - (d) Plaas die materiaal wat in die steker bevat is in 'n geskikte opvangbak.
 - (e) Herhaal die prosedure beskryf in paragraaf (a), (b) en (c) afwisselend aan die bokant, middel en onderkant van elke sak te herhaal en die materiaal aldus daaruit verwyder in die houer te plaas.
 - (f) Neem ongeveer gelyke hoeveelhede materiaal uit elke houer wat uit die betrokke besending uitgekies is.
 - (g) Meng die materiaal aldus verkry deeglik en verdeel dit met behulp van 'n monsterverdeler so dat die monster van die betrokke besending uit minstens 10 kg bestaan.
- (2) 'n Graansteker in subregulasie (1) bedoel moet –
- (a) lank genoeg wees sodat die punt daarvan die middel van 'n houer wat bemonster word, sal bereik; en
 - (b) bestaan uit 'n silindriese buis met 'n spitstoelopende punt en 'n opening naby die punt.

Afwykende monster

15. (1) Indien dit tydens die neem van 'n ewekansige monster of tydens 'n ondersoek van die grondbone wat uit verskillende houers in 'n besending geneem is soos in hierdie regulasie beoog, blyk dit dat die inhoud van daardie houers ooglopend verskil –
- (a) moet al die houers in die betrokke besending bemonster word ten einde sodanige klassifikasie en skeiding te doen;
 - (b) moet die onderskeie houers van mekaar geskei word; en
 - (c) word elke groep houers van 'n bepaalde klas in die betrokke besending vir die doeleindes van hierdie regulasies geag 'n afsonderlike besending te wees.
- (2) 'n Monster wat ingevolge hierdie regulasie geneem is, word geag verteenwoordigend te wees van die besending waaruit dit geneem is.

Verkryging van 'n werkmonster

16. (1) 'n Werkmonster word verkry deur die verteenwoordigende of afwykende monster met 'n meergleufverdeler te verdeel.

- (2) Die verdeling van 'n monster met 'n meergleufverdeler word gedoen deur –
- (a) die monster in 'n leë opvangbak te plaas;
 - (b) 'n leë opvangbak onder elkeen van die twee stelde afvoergeute van die meergleufverdeler te plaas;
 - (c) die monster in die opvangbak in paragraaf (a) bedoel, deur die meergleufverdeler te gooi; en
 - (d) die deel van die monster wat by een uitgekose stel afvoergeute opgevang word, herhaaldelik deur die meergleufverdeler te gooi nadat die opvangbak waarin dit opgevang is, met 'n leë opvangbak omgeruil is, totdat 'n werkmonster van die vereiste grootte verkry is.

ONDERSOEKMETODES***Bepaling van muwwe, suur of ander onaanvaarbare reuke, nadelige stowwe, insekte en skadelike sade***

17. 'n Besending of 'n monster van die betrokke besending grondbone word sintuiglik beoordeel of skeikundig ontleed ten einde te bepaal of dit –

- (a) 'n muwwe, suur of enige ander onaanvaarbare reuk het;
- (b) grondbone bevat waarin of waarop 'n stof voorkom wat dit ongeskik maak vir menslike gebruik of vir verwerking tot of aanwending as voedsel of voer;
- (c) enige skadelike sade bevat; en
- (d) enige insekte bevat.

Bepaling van klas, gebreekte, oop, swartgevekte en grondbesmeerde peule in die geval van peule

18. Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending nadat alle vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte verwyder is.

- (i) Die klas van 'n besending peule word soos volg bepaal:
 - (a) Verwyder alle peule van 'n ander klas uit die werkmonster en bepaal die massa van die oorblywende hoeveelheid.
 - (b) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die werkmonster.
 - (c) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
 - (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie grondbone van die bepaalde klas in die betrokke besending.
- (ii) Die persentasie gebreekte en oop peule in die geval van 'n besending peule word soos volg bepaal:
 - (a) Sorteër elk van die werkmonsters op so 'n wyse dat die gebreekte en oop peule behoue bly.

- (b) Bepaal die massa van die gebreekte en oop peule aldus verkry in elk van die afsonderlike werkmonsters en druk elkeen uit as 'n persentasie van die onderskeie werkmonsters.
 - (c) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie gebreekte en oop peule in die betrokke besending.
- (iii) Die persentasie swartgeklepte en grondbesmeerde peule in die geval van 'n besending peule word soos volg bepaal:
- (a) Sorteër elk van die werkmonsters op so 'n wyse dat die swartgeklepte en grondbesmeerde peule behoue bly.
 - (b) Bepaal die massa van die swartgeklepte en grondbesmeerde peule in elke werkmonster en druk dit uit as 'n persentasie van die werkmonster.
 - (c) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
 - (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie swartgeklepte en grondbesmeerde peule in die betrokke besending.

Bepaling van klas in die geval van pitte

19. Die klas van 'n besending pitte word soos volg bepaal:
- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending nadat alle vreemde voorwerpe, pitte met beskadigde saahuid en pitte wat sonder saahuid is, af te meet.
 - (b) Verwyder alle pitte van 'n ander klas uit die werkmonster en bepaal die massa van elk van die oorblywende hoeveelhede.
 - (c) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
 - (d) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
 - (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie grondbone van die bepaalde klas in die betrokke besending.

Bepaling van persentasie vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte

20. Die persentasie vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte in 'n besending peule word soos volg bepaal:
- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 10 kg uit die monster van die besending.
 - (b) Verwyder alle vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte afsonderlik uit die werkmonster en bepaal die onderskeie massa van elkeen.
 - (c) Druk die onderskeie massas van die vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte aldus bepaal, afsonderlik uit as persentasie van die werkmonster. Indien daar grond aan die peule kleef moet 200g peule afgeweg word en moet die grond met die hand afgevyf word, die persentasie daarvan bepaal word en by die persentasie vreemde voorwerpe getel word om die totale persentasie vreemde voorwerpe aan te dui.
 - (d) Sodanige persentasie verteenwoordig onderskeidelik die persentasies vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie peule en vreemde voorwerpe

21. Die persentasie peule en vreemde voorwerpe in 'n besending pitte word, soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 10 kg uit die monster van die besending.
- (b) Verwyder alle peule en vreemde voorwerpe afsonderlik uit die werkmonster en bepaal die aantal peule en vreemde voorwerpe. Indien hierdie aantal die toegelate perk vir Keurgraad, Standaardgraad, Handskoongemaakte splits, Handskoongemaakte 80/100 of Handskoongemaakte 100/130, soos in Tabel 1 uiteengesit oorskry, moet die onderskeie massa van elk bepaal word en elke onderskeie massa uitgedruk word as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (c) Neem nou 'n addisionele monster van minstens vier x 50 kg sakke as 'n werkmonster.
- (d) Laat die inhoud van die sakke in 'n dun stroom uitvloei op 'n sorteerband, of sorteertafel op so 'n wyse dat vreemde voorwerpe en peule waargeneem kan word.
- (e) Verwyder alle peule en vreemde voorwerpe afsonderlik uit die werkmonster en bepaal die aantal peule en vreemde voorwerpe. Indien hierdie aantal die toegelate perk vir Keurgraad, Standaardgraad, Handskoongemaakte splits, Handskoongemaakte 80/100 of Handskoongemaakte 100/130, soos in Tabel 1 uiteengesit oorskry, moet die onderskeie massa van elk bepaal word en elke onderskeie massa uitgedruk word as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (f) Bepaal die totale aantal peule en vreemde voorwerpe in paragrawe (b) en (e) verkry of die gemiddeld van die persentasies in paragrawe (b) en (e) verkry, na gelang van die geval. Sodanige totaal verteenwoordig die totale aantal vreemde voorwerpe in die betrokke besending in die geval van Keurgraad, Standaardgraad, Handskoongemaakte splits, Handskoongemaakte 80/100 of Handskoongemaakte 100/130 en sodanige persentasie vreemde voorwerpe en persentasie peule onderskeidelik of gesamentlik, na gelang van die geval, in die besending in die geval van Masjienskoongemaakte Keurgraad, Masjienskoongemaakte Standaardgraad, Diverse graad, Masjienskoongemaakte splits, Masjienskoongemaakte 80/100, Masjienskoongemaakte 100/130, Seleksie-afval of Persgraad.

Bepaling van pitinhoud

22. Die persentasie pitinhoud van 'n besending peule word soos volg bepaal:

- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g uit die monster van die besending nadat alle vreemde voorwerpe en uitgedopte pitte verwyder is.
- (b) Dop die peule in elk van die werkmonsters met die hand uit en bepaal die massa van die pitte aldus verkry in elk van die afsonderlike werkmonsters.
- (c) Druk elkeen van die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die onderskeie werkmonsters.
- (d) Bepaal die gemiddeld van die persentasies aldus verkry.
- (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie pitinhoud van die betrokke besending.

Bepaling van persentasie beskadigde saadhuid en persentasie gebreekte pitte onderskeidelik

23. Die persentasie beskadigde saadhuid en persentasie gebreekte pitte word onderskeidelik soos volg bepaal:

- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending.

- (b) Sorteer die werkmonster op so 'n wyse dat die beskadigde saadhuid en gebreekte pitte afsonderlik behoue bly.
- (c) Bepaal die onderskeie massas van die beskadigde saadhuid en gebreekte pitte aldus verkry en druk dit uit as 'n persentasie van die werkmonster.
- (d) Bepaal die gemiddeld van die persentasies verkry.
- (e) Sodanige persentasies verteenwoordig onderskeidelik die persentasies beskadigde pitte en gebreekte pitte in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie pitte van 'n ander klas

24. Die persentasie pitte van 'n ander klas word soos volg bepaal:
- (a) Bepaal die massa van die pitte van 'n ander klas wat uit die werkmonsters verwyder is soos in subregulasie 19(b) uiteengesit.
 - (b) Druk die massas aldus bepaal uit as 'n persentasie van die werkmonster.
 - (c) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie pitte van 'n ander klas in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte

25. Die persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte word –
- (a) in die geval van 'n besending peule, soos volg bepaal:
 - (i) Verkry 'n werkmonster van minstens 5 kg peule uit die monster van die besending en dop die peule uit.
 - (ii) Weeg nou minstens 2 kg pitte van die werkmonster af.
 - (iii) Sorteer die werkmonster in (ii) verkry op so 'n wyse dat die ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte afsonderlik behoue bly en bepaal die onderskeie massas van elk.
 - (iv) Druk die onderskeie massas van die ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte uit as 'n persentasie van die werkmonster in (ii) verkry.
 - (v) Sodanige persentasie verteenwoordig onderskeidelik die persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte in die betrokke besending.
 - (vi) Die som van die persentasies in paragraaf (v) verteenwoordig die gesamentlike persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte in die betrokke besending.
 - (b) in die geval van 'n besending pitte, soos volg bepaal:
 - (i) Verkry 'n werkmonster van minstens 10 kg uit die monster van die besending.
 - (ii) Sorteer die werkmonster op so 'n wyse dat die ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte afsonderlik behoue bly en bepaal die massas daarvan.
 - (iii) Druk die massa van die ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde heel en gesplete pitte uit as 'n persentasie van die werkmonster.

- (iv) Sodanige persentasie verteenwoordig gesamentlik die persentasie ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte in die betrokke besending.
- (v) Verkry 'n werkmonster van minstens 500 g deur die totale massa ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte met 'n monsterverdeler te verdeel. Met dien verstande dat as die totale massa ongesonde, gevlekte en vuilgesmeerde pitte minder is as 500 g, die totale massa as 'n werkmonster geneem moet word.
- (vi) Sorteër die werkmonster op so 'n wyse dat die ongesonde pitte behoue bly.
- (vii) Bepaal die massa van die ongesonde pitte en druk dit uit as 'n persentasie van die werkmonster in (v) aan die hande van die volgende formule:
- $$\frac{\text{massa in paragraaf (vii) bepaal}}{\text{massa van werkmonster in paragraaf (v)}} \times \frac{\text{massa in paragraaf (ii) bepaal}}{10 \text{ kg}} \times \frac{100}{1}$$
- (viii) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie ongesonde pitte in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie gesplete pitte

26. Die persentasie gesplete pitte word soos volg bepaal:

- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending.
- (b) Sorteër elk van die werkmonsters op so 'n wyse dat die gesplete pitte behoue bly.
- (c) Bepaal die massa van die gesplete pitte aldus verkry in elk van die afsonderlike werkmonster en druk elk uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonsters.
- (d) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
- (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie gesplete pitte in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie heel pitte in 'n besending van gesplete pitte

27. Die persentasie heel pitte in 'n besending gesplete pitte word soos volg bepaal:

- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending.
- (b) Sorteër elk van die werkmonsters op so 'n wyse dat die heel pitte behoue bly.
- (c) Bepaal die massa van die heel pitte aldus verkry in elk van die afsonderlike werkmonsters en druk elkeen uit as 'n persentasie van die massa van die onderskeie werkmonsters.
- (d) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
- (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie heel pitte in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie pitte op 'n bepaalde sif

28. Die persentasie pitte op 'n bepaalde sif word soos volg bepaal:

- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending nadat alle gesplete pitte, peule en vreemde voorwerpe verwyder is.

- (b) Sif elk van die werkmonsters deeglik oor die 9,00 mm, 8,25 mm-, 7,50 mm-, 6,75 mm-, 6,00 mm-, en 5,15 mm-gleufsiwwe (of die toepaslike sif vir Klas D) wat in genoemde volgorde bo-op mekaar geplaas is.
- (c) Bepaal vir elke afsonderlike monster die massa pitte wat op elke afsonderlike gleufsif bly lê en druk elk uit as 'n persentasie van die werkmonsters.
- (d) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
- (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie pitte op 'n bepaalde sif in die betrokke besending.

Bepaling van die persentasie verkrimpte pitte

29. Die persentasie verkrimpte pitte word soos volg bepaal:
- (a) Verkry twee werkmonsters van minstens 200 g elk uit die monster van die besending.
 - (b) Sorteër elk van die werkmonsters op so 'n wyse dat die verkrimpte pitte behoue bly.
 - (c) Bepaal die massa van die verkrimpte pitte aldus verkry in elk van die werkmonsters en druk elkeen uit as 'n persentasie van die werkmonsters.
 - (d) Bepaal die gemiddeld van die twee persentasies aldus verkry.
 - (e) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie verkrimpte pitte in die betrokke besending.

Bepaling van telling (aantal pitte per 28,35 g)

30. Die aantal pitte per 28,35 g word soos volg bepaal:
- (a) Verkry drie werkmonsters van 28,35 g pitte elk uit die monster van die besending nadat pitte van 'n ander klas, vreemde voorwerpe, defekte en gesplete pitte verwyder is.
 - (b) Tel die aantal pitte in elke werkmonster.
 - (c) Bepaal die gemiddeld van die aantal pitte per 28,35 g van die drie werkmonsters.
 - (d) Sodanige aantal verteenwoordig die telling (aantal pitte per 28,35 g) van die pitte van die betrokke besending.

Bepaling van voginhoud

31. Die voginhoud van 'n besending grondbone kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming is met die resultate verkry deur die IUPAC-metode nommer 1.121 van die bepaling van vog en vlugtige stofinhoud.

OORTREDING EN STRAWWE

32. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R8 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Graderings-Faktor/Grading factor	Keurgraad/Choice Grade	Standaard graad/Standard grade	Masjien-skoonge maakte Keurgraad/Machine cleaned Choice grade	Masjien-skoonge maakte Standaard graad/Machine cleaned Standard grade	Masjien-skoonge maakte splits/Machine cleaned splits	Handskoon-gemaakte splits/Hand cleaned splits	Diverse masjien-skoonge maakte Sundry machine cleaned	Diverse handskoon-gemaakte dry hand cleaned	Masjien-skoonge maakte pers Machine cleaned crushing	Pers hand-skoongemaakte 100/130/ Crushing hand cleaned 100/130	Seleksie-afval/ Selection falloff	Persgraad/ Crushing grade	Peule/Pods
16. Pittetelling vereistes/ Kernel count requirements	Telling/ Count	Minimum aantal kernels per 28,5g/Minimum number of kernels per 28,5g	Masjien-skoonge maakte pitte per number of	Maksimum aantal pitte per 28,5g/Maximum number of kernels per 28,5g									
	20/30	20		30									
	30/40	30		40									
	40/50	40		50									
	50/60	50		60									
	60/70	60		70									
	70/80	70		80									
	80/100	80		100									
	100/130	100											

Ongespesifiseerd/Unspecified.
Nie van toepassing nie/Not applicable.